Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB**
**ABROAD 30c BUITELANDS**
**POST FREE · POSVRY**

VOL. 168] CAPE TOWN, 15 JUNE 1979 KAAPSTAD, 15 JUNIE 1979 [No. 6506

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1291. 15 June 1979.

It is hereby notified that the Acting State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 70 of 1979: Divorce Act, 1979.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1291. 15 Junie 1979.

Hierby word bekend gemaak dat die Waarnemende Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 70 van 1979: Wet op Egskeiding, 1979.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

________ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the law relating to divorce and to provide for incidental matters.**

*(Afrikaans text signed by the Acting State President.)*
*(Assented to 8 June 1979.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

**1.** (1) In this Act, unless inconsistent with the context—

(i) "court" means the provincial or local division of the Supreme Court of South Africa, or a divorce court established under section 10 of the Black Administration Act, 1927, Amendment Act, 1929 (Act No. 9 of 1929), which has jurisdiction with respect to a divorce action; (ii)

(ii) "divorce action" means an action by which a decree of divorce or other relief in connection therewith is applied for, and includes—

*(a)* an application *pendente lite* for an interdict or for the interim custody of, or access to, a minor child of the marriage concerned or for the payment of maintenance; or

*(b)* an application for a contribution towards the costs of such action or to institute such action, or make such application, *in forma pauperis*, or for the substituted service of process in, or the edictal citation of a party to, such action or such application. (i)

(2) For the purposes of this Act a divorce action shall be deemed to be instituted on the date on which the summons is issued or the notice of motion is filed or the notice is delivered in terms of the rules of court, as the case may be.

Jurisdiction.

**2.** (1) A court shall have jurisdiction in a divorce action if—

*(a)* the parties to the action are domiciled in the area of jurisdiction of the court on the date on which the action is instituted; or

*(b)* the wife is the plaintiff or applicant and she is ordinarily resident in the area of jurisdiction of that court on the date on which the action is instituted and has been ordinarily resident in the Republic for a period of one year immediately prior to the said date and—

(i) is domiciled in the Republic; or

(ii) was domiciled in the Republic immediately before cohabitation between her and her husband ceased; or

(iii) was a South African citizen or was domiciled in the Republic immediately prior to her marriage.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Om die reg met betrekking tot egskeiding te wysig en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Afrikaanse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 8 Junie 1979.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Woordomskrywing.**

**1.** (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) „egskeidingsgeding" 'n geding waarby 'n egskeidingsbevel of ander regshulp wat daarmee in verband staan, aangevra word, en ook—

*(a)* 'n aansoek *pendente lite* om 'n interdik of om die tussentydse bewaring van of toegang tot 'n minderjarige kind uit die betrokke huwelik of om die betaling van onderhoud; of

*(b)* 'n aansoek om 'n bydrae tot die koste van so 'n geding of om so 'n geding of so 'n aansoek *in forma pauperis* in te stel of te doen of om die plaasvervangende betekening van prosesstukke, of die ediktale sitasie van 'n party, in so 'n geding of aansoek; (ii)

(ii) „hof" die provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, of 'n egskeidingshof ingestel kragtens artikel 10 van die Swart Administrasiewet, 1927, Wysigingswet, 1929 (Wet No. 9 van 1929), wat met betrekking tot 'n egskeidingsgeding jurisdiksie het. (i)

(2) By die toepassing van hierdie Wet word 'n egskeidingsgeding geag ingestel te word op die datum waarop die dagvaarding uitgereik of die kennisgewing van mosie ingedien of die kennisgewing ingevolge die hofreëls afgelewer word, na gelang van die geval.

**Jurisdiksie.**

**2.** (1) 'n Hof het jurisdiksie in 'n egskeidingsgeding indien—

*(a)* die partye in die geding op die datum waarop die geding ingestel word, in die regsgebied van die hof gedomisilieer is; of

*(b)* die vrou die eiser of applikant is en sy op die datum waarop die geding ingestel word gewoonlik in die regsgebied van daardie hof woonagtig is en vir 'n tydperk van een jaar onmiddellik voor daardie datum gewoonlik in die Republiek woonagtig was en—

(i) in die Republiek gedomisilieer is; of

(ii) in die Republiek gedomisilieer was onmiddellik voor die samewoning tussen haar en haar eggenoot beëindig is; of

(iii) onmiddellik voor haar huwelik 'n Suid-Afrikaanse burger was of in die Republiek gedomisilieer was.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) A court which has jurisdiction in terms of subsection (1) *(b)* shall also have jurisdiction in respect of a claim in reconvention or a counter-application in the divorce action concerned.

(3) A court which has jurisdiction in terms of this section in a case where the parties are not domiciled in the Republic shall determine any issue in accordance with the law which would have been applicable had the parties been domiciled in the area of jurisdiction of the court concerned on the date on which the divorce action was instituted.

(4) The provisions of this Act shall not derogate from the jurisdiction which a court has in terms of any other law or the common law.

**Dissolution of marriage and grounds of divorce.**

3. A marriage may be dissolved by a court by a decree of divorce and the only grounds on which such a decree may be granted are—

*(a)* the irretrievable break-down of the marriage as contemplated in section 4;

*(b)* the mental illness or the continuous unconsciousness, as contemplated in section 5, of a party to the marriage.

**Irretrievable break-down of marriage as ground of divorce.**

4. (1) A court may grant a decree of divorce on the ground of the irretrievable break-down of a marriage if it is satisfied that the marriage relationship between the parties to the marriage has reached such a state of disintegration that there is no reasonable prospect of the restoration of a normal marriage relationship between them.

(2) Subject to the provisions of subsection (1), and without excluding any facts or circumstances which may be indicative of the irretrievable break-down of a marriage, the court may accept evidence—

*(a)* that the parties have not lived together as husband and wife for a continuous period of at least one year immediately prior to the date of the institution of the divorce action;

*(b)* that the defendant has committed adultery and that the plaintiff finds it irreconcilable with a continued marriage relationship; or

*(c)* that the defendant has in terms of a sentence of a court been declared an habitual criminal and is undergoing imprisonment as a result of such sentence,

as proof of the irretrievable break-down of a marriage.

(3) If it appears to the court that there is a reasonable possibility that the parties may become reconciled through marriage counsel, treatment or reflection, the court may postpone the proceedings in order that the parties may attempt a reconcilation.

(4) Where a divorce action which is not defended is postponed in terms of subsection (3), the court may direct that the action be tried *de novo*, on the date of resumption thereof, by any other judge of the court concerned.

**Mental illness or continuous unconsciousness as grounds of divorce.**

5. (1) A court may grant a decree of divorce on the ground of the mental illness of the defendant if it is satisfied—

*(a)* that the defendant in terms of the Mental Health Act, 1973 (Act No. 18 of 1973)—

(i) has been admitted as a patient to an institution in terms of a reception order;

(ii) is being detained as a President's patient at an institution or other place specified by the Minister of Prisons; or

(iii) is being detained as a mentally ill convicted prisoner at an institution or hospital prison for psychopaths,

and that he has, for a continuous period of at least two years immediately prior to the institution of the divorce action, not been discharged unconditionally as such a patient, President's patient or mentally ill prisoner; and

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(2) 'n Hof wat kragtens subartikel (1) *(b)* jurisdiksie het, het ook jurisdiksie ten opsigte van 'n teeneis of 'n teenaansoek in die betrokke egskeidingsgeding.

(3) 'n Hof wat kragtens hierdie artikel jurisdiksie het in 'n geval waar die partye nie in die Republiek gedomisilieer is nie, beslis enige geskilpunt ooreenkomstig die reg wat van toepassing sou gewees het indien die partye op die datum waarop die egskeidingsgeding ingestel is, in die regsgebied van die betrokke hof gedomisilieer was.

(4) Die bepalings van hierdie Wet doen nie afbreuk aan die jurisdiksie wat 'n hof ingevolge 'n ander wet of die gemene reg het nie.

**Ontbinding van huwelik en egskeidingsgronde.**

**3.** 'n Huwelik kan deur 'n hof deur 'n egskeidingsbevel ontbind word en die enigste gronde waarop so 'n bevel verleen kan word, is—

*(a)* die onherstelbare verbrokkeling van die huwelik soos in artikel 4 beoog;

*(b)* die geestesongesteldheid of die voortdurende bewusteloosheid, soos in artikel 5 beoog, van 'n party by die huwelik.

**Onherstelbare verbrokkeling van huwelik as egskeidingsgrond.**

**4.** (1) 'n Hof kan 'n egskeidingsbevel op grond van die onherstelbare verbrokkeling van 'n huwelik verleen indien hy oortuig is dat die huweliksverhouding tussen die partye by die huwelik so 'n toestand van verbrokkeling bereik het dat daar geen redelike vooruitsig op die herstel van 'n normale huweliksverhouding tussen hulle bestaan nie.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (1), en sonder die uitsluiting van enige feite of omstandighede wat op die onherstelbare verbrokkeling van 'n huwelik dui, kan die hof getuienis—

*(a)* dat die partye vir 'n ononderbroke tydperk van minstens 'n jaar onmiddellik voor die datum van instelling van die egskeidingsgeding nie as man en vrou saamgeleef het nie;

*(b)* dat die verweerder owerspel gepleeg het en dat dit vir die eiser onbestaanbaar met 'n voortgesette huweliksverhouding is; of

*(c)* dat die verweerder kragtens 'n vonnis van 'n geregshof tot 'n gewoontemisdadiger verklaar is en ten gevolge van daardie vonnis gevangenisstraf ondergaan,

as bewys van die onherstelbare verbrokkeling van 'n huwelik aanvaar.

(3) Indien daar na die hof se oordeel 'n redelike moontlikheid bestaan dat die partye deur huweliksraadgewing, behandeling of oordenking versoen kan raak, kan die hof die verrigtinge uitstel sodat die partye 'n poging tot versoening kan aanwend.

(4) Waar 'n egskeidingsgeding wat nie verdedig word nie ingevolge subartikel (3) uitgestel word, kan die hof gelas dat die geding op die datum van hervatting daarvan *de novo* deur 'n ander regter van die betrokke hof verhoor word.

**Geestesongesteldheid of voortdurende bewusteloosheid as egskeidingsgronde.**

**5.** (1) 'n Hof kan 'n egskeidingsbevel op grond van die geestesongesteldheid van die verweerder verleen indien die hof oortuig is—

*(a)* dat die verweerder ingevolge die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet No. 18 van 1973)—

(i) kragtens 'n opnemingsbevel as 'n pasiënt in 'n inrigting opgeneem is;

(ii) as 'n Presidentspasiënt in 'n inrigting of ander plek deur die Minister van Gevangenisse aangedui, aangehou word; of

(iii) as 'n geestesongestelde veroordeelde gevangene in 'n inrigting of gevangenishospitaal vir psigopate aangehou word,

en dat hy, vir 'n aaneenlopende tydperk van minstens twee jaar onmiddellik voor die instel van die egskeidingsgeding, nie as so 'n pasiënt, Presidentspasiënt of geestesongestelde gevangene onvoorwaardelik ontslaan is nie; en

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(b) after having heard the evidence of at least two psychiatrists, of whom one shall have been appointed by the court, that the defendant is mentally ill and that there is no reasonable prospect that he will be cured of his mental illness.

(2) A court may grant a decree of divorce on the ground that the defendant is by reason of a physical disorder in a state of continuous unconsciousness, if it is satisfied—

(a) that the defendant's unconsciousness has lasted for a continuous period of at least six months immediately prior to the institution of the divorce action; and

(b) after having heard the evidence of at least two medical practitioners, of whom one shall be a neurologist or a neurosurgeon appointed by the court, that there is no reasonable prospect that the defendant will regain consciousness.

(3) The court may appoint a legal practitioner to represent the defendant at proceedings under this section and order the plaintiff to pay the costs of such representation.

(4) The court may make any order it may deem fit with regard to the furnishing of security by the plaintiff in respect of any patrimonial benefits to which the defendant may be entitled by reason of the dissolution of the marriage.

(5) For the purposes of this section the expressions "institution", "mental illness", "patient", "President's patient" and "reception order" shall bear the meaning assigned to them in the Mental Health Act, 1973.

Safeguarding of interests of dependent and minor children.

**6.** (1) A decree of divorce shall not be granted until the court is satisfied that the provisions made or contemplated with regard to the welfare of any minor or dependent child of the marriage are satisfactory or are the best that can be effected in the circumstances.

(2) For the purposes of subsection (1) the court may cause any investigation which it may deem necessary, to be carried out and may order any person to appear before it and may order the parties or any one of them to pay the costs of the investigation and appearance.

(3) A court granting a decree of divorce may, in regard to the maintenance of a dependent child of the marriage or the custody or guardianship of, or access to, a minor child of the marriage, make any order which it may deem fit, and may in particular, if in its opinion it would be in the interests of such minor child to do so, grant to either parent the sole guardianship (which shall include the power to consent to the marriage of the child) or the sole custody of the minor, and the court may order that, on the predecease of the parent to whom the sole guardianship of the minor is granted, a person other than the surviving parent shall be the guardian of the minor, either jointly with or to the exclusion of the surviving parent.

(4) For the purposes of this section the court may appoint a legal practitioner to represent a child at the proceedings and may order the parties or any one of them to pay the costs of the representation.

Division of assets and maintenance of parties.

**7.** (1) A court granting a decree of divorce may in accordance with a written agreement between the parties make an order with regard to the division of the assets of the parties or the payment of maintenance by the one party to the other.

(2) In the absence of an order made in terms of subsection (1) with regard to the payment of maintenance by the one party to the other, the court may, having regard to the existing or prospective means of each of the parties, their respective earning capacities, financial needs and obligations, the age of each of the parties, the duration of the marriage, the standard of living of the parties prior to the divorce, their conduct in so far as it may be relevant to the break-down of the marriage, and any other factor which in the

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*(b)* na die aanhoor van die getuienis van minstens twee psigiaters, van wie een deur die hof aangestel is, dat die verweerder geestesongesteld is en dat daar geen redelike vooruitsig bestaan dat hy van sy geestesongesteldheid genees sal word nie.

(2) 'n Hof kan 'n egskeidingsbevel verleen op grond daarvan dat die verweerder weens fisiese ongesteldheid in 'n toestand van voortdurende bewusteloosheid verkeer, indien die hof oortuig is—

*(a)* dat die verweerder se bewusteloosheid vir 'n ononderbroke tydperk van minstens ses maande onmiddellik voor die instel van die egskeidingsgeding geduur het; en

*(b)* na die aanhoor van die getuienis van minstens twee geneeshere, van wie een 'n neuroloog of 'n neurochirurg moet wees wat deur die hof aangestel is, dat daar geen redelike vooruitsig bestaan dat die verweerder sy bewussyn sal herwin nie.

(3) Die hof kan 'n regspraktisyn aanstel om die verweerder by verrigtinge ingevolge hierdie artikel te verteenwoordig en kan gelas dat die koste van sodanige verteenwoordiging deur die eiser betaal word.

(4) Die hof kan enige bevel gee wat hy goedvind met betrekking tot die stel van sekerheid deur die eiser ten opsigte van enige vermoënsregtelike voordele waarop die verweerder as gevolg van die ontbinding van die huwelik geregtig mag wees.

(5) By die toepassing van hierdie artikel het die uitdrukkings „geestesongesteldheid", „inrigting", „opnemingsbevel", „pasiënt" en „Presidentspasiënt" die betekenis wat in die Wet op Geestesgesondheid, 1973, daaraan geheg word.

**Beskerming van belange van afhanklike en minderjarige kinders.**

**6.** (1) 'n Egskeidingsbevel word nie verleen nie alvorens die hof oortuig is dat die voorsiening wat vir die welsyn van 'n minderjarige of afhanklike kind uit die huwelik gemaak is of beoog word, bevredigend is of die beste is wat in die omstandighede bewerkstellig kan word.

(2) By die toepassing van subartikel (1) kan die hof enige ondersoek wat die hof nodig ag, laat instel en enigiemand gelas om voor hom te verskyn en die partye of enigeen van hulle gelas om die koste van so 'n ondersoek en verskyning te betaal.

(3) 'n Hof wat 'n egskeidingsbevel verleen, kan ten opsigte van die onderhoud van 'n afhanklike kind uit die huwelik of die bewaring van of voogdy oor of toegang tot 'n minderjarige kind uit die huwelik, enige bevel gee wat die hof goedvind, en kan in die besonder, indien dit na die hof se oordeel in belang van so 'n minderjarige kind sou wees om dit te doen, die uitsluitlike voogdy oor die minderjarige (waarby inbegrepe is die bevoegdheid om tot die huwelik van die kind toe te stem) of die uitsluitlike bewaring van die minderjarige, aan enige van die ouers toeken, en die hof kan gelas dat by die vooroorlye van die ouer aan wie die uitsluitlike voogdy oor die minderjarige toegeken word, 'n ander persoon as die langslewende ouer, hetsy gesamentlik met of met uitsluiting van die langslewende ouer, die voog oor die minderjarige sal wees.

(4) By die toepassing van hierdie artikel kan die hof 'n regspraktisyn aanstel om 'n kind by die verrigtinge te verteenwoordig en kan die hof die partye of enigeen van hulle gelas om die koste van die verteenwoordiging te betaal.

**Verdeling van bates en onderhoud van partye.**

**7.** (1) 'n Hof wat 'n egskeidingsbevel verleen, kan in ooreenstemming met 'n skriftelike ooreenkoms tussen die partye 'n bevel gee met betrekking tot die verdeling van die bates van die partye of die betaling van onderhoud deur die een party aan die ander.

(2) By ontstentenis van 'n bevel gegee kragtens subartikel (1) met betrekking tot die betaling van onderhoud deur een party aan die ander kan die hof, met inagneming van die bestaande of verwagte vermoëns van elk van die partye, hulle onderskeie verdienvermoëns, finansiële behoeftes en verpligtinge, die ouderdom van elk van die partye, die duur van die huwelik, die lewenspeil van die partye voor die egskeiding, hulle gedrag vir sover dit op die verbrokkeling van die huwelik betrekking het, en

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



opinion of the court should be taken into account, make an order which the court finds just in respect of the payment of maintenance by the one party to the other for any period until the death or remarriage of the party in whose favour the order is given, whichever event may first occur.

Rescission, suspension or variation of orders.

**8.** (1) A maintenance order or an order in regard to the custody or guardianship of, or access to, a child, made in terms of this Act, may at any time be rescinded or varied or, in the case of a maintenance order or an order with regard to access to a child, be suspended by a court if the court finds that there is sufficient reason therefor.

(2) A court other than the court which made an order referred to in subsection (1) may rescind, vary or suspend such order if the parties are domiciled in the area of jurisdiction of such first-mentioned court or the applicant is domiciled in the area of jurisdiction of such first-mentioned court and the respondent consents to the jurisdiction of that court.

(3) The provisions of subsections (1) and (2) shall *mutatis mutandis* apply with reference to any order referred to in subsection (1) given by a court in a divorce action before the commencement of this Act.

Forfeiture of patrimonial benefits of marriage.

**9.** (1) When a decree of divorce is granted on the ground of the irretrievable break-down of a marriage the court may make an order that the patrimonial benefits of the marriage be forfeited by one party in favour of the other, either wholly or in part, if the court, having regard to the duration of the marriage, the circumstances which gave rise to the break-down thereof and any substantial misconduct on the part of either of the parties, is satisfied that, if the order for forfeiture is not made, the one party will in relation to the other be unduly benefited.

(2) In the case of a decree of divorce granted on the ground of the mental illness or continuous unconsciousness of the defendant, no order for the forfeiture of any patrimonial benefits of the marriage shall be made against the defendant.

Costs.

**10.** In a divorce action the court shall not be bound to make an order for costs in favour of the successful party, but the court may, having regard to the means of the parties, and their conduct in so far as it may be relevant, make such order as it considers just, and the court may order that the costs of the proceedings be apportioned between the parties.

Procedure.

**11.** The procedure applicable with reference to a divorce action shall be the procedure prescribed from time to time by rules of court.

Limitation of publication of particulars of divorce action.

**12.** (1) Except for making known or publishing the names of the parties to a divorce action, or that a divorce action between the parties is pending in a court of law, or the judgement or order of the court, no person shall make known in public or publish for the information of the public or any section of the public any particulars of a divorce action or any information which comes to light in the course of such an action.

(2) The provisions of subsection (1) shall not apply with reference to the publication of particulars or information—

*(a)* for the purposes of the administration of justice;

*(b)* in a *bona fide* law report which does not form part of any other publication than a series of reports of the proceedings in courts of law; or

*(c)* for the advancement of or use in a particular profession or science.

(3) The provisions of subsections (1) and (2) shall *mutatis mutandis* apply with reference to proceedings relating to the enforcement or variation of any order made in terms of this Act.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



enige ander faktor wat na die oordeel van die hof in aanmerking geneem behoort te word, 'n bevel gee wat die hof billik ag met betrekking tot die betaling van onderhoud deur die een party aan die ander vir enige tydperk tot die dood of hertroue van die party ten gunste van wie die bevel gegee is, na gelang die een of die ander eerste plaasvind.

Intrekking, opskorting of wysiging van bevele.

**8.** (1) 'n Onderhoudsbevel of 'n bevel met betrekking tot die bewaring van of voogdy oor of toegang tot 'n kind ingevolge hierdie Wet gegee, kan te eniger tyd deur 'n hof ingetrek of gewysig word of, in die geval van 'n onderhoudsbevel of 'n bevel met betrekking tot toegang tot 'n kind, opgeskort word, indien die hof bevind dat daar voldoende rede daarvoor bestaan.

(2) 'n Ander hof as die hof wat 'n bevel bedoel in subartikel (1) gegee het, kan so 'n bevel intrek, wysig of opskort indien die partye in die regsgebied van eersbedoelde hof gedomisilieer is of die applikant in die regsgebied van eersbedoelde hof gedomisilieer is en die respondent tot die jurisdiksie van daardie hof toestem.

(3) Die bepalings van subartikels (1) en (2) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n bevel in subartikel (1) bedoel wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet deur 'n hof in 'n egskeidingsgeding gegee is.

Verbeuring van vermoënsregtelike voordele van huwelik.

**9.** (1) Wanneer 'n egskeidingsbevel op grond van die onherstelbare verbrokkeling van 'n huwelik verleen word, kan die hof 'n bevel gee dat die vermoënsregtelike voordele van die huwelik in die geheel of gedeeltelik deur die een party ten gunste van die ander verbeur word, indien die hof, met inagneming van die duur van die huwelik, die omstandighede wat tot die verbrokkeling daarvan aanleiding gegee het en enige wesenlike wangedrag aan die kant van enigeen van die partye, oortuig is dat, as die verbeuringsbevel nie gegee word nie, die een party met betrekking tot die ander onbehoorlik bevoordeel sal word.

(2) In die geval van 'n egskeidingsbevel verleen op grond van die geestesongesteldheid of voortdurende bewusteloosheid van die verweerder, word geen bevel tot verbeuring van enige vermoënsregtelike voordele van die huwelik teen die verweerder gegee nie.

Koste.

**10.** Die hof is in 'n egskeidingsgeding nie gebonde om 'n kostebevel ten gunste van die suksesvolle party te gee nie, maar die hof kan, met inagneming van die vermoëns van die partye, en hulle gedrag vir sover dit ter sake is, die bevel gee wat hy billik ag, en die hof kan gelas dat die koste van die verrigtinge tussen die partye verdeel word.

Prosedure.

**11.** Die prosedure wat met betrekking tot 'n egskeidingsgeding van toepassing is, is die prosedure wat van tyd tot tyd by hofreëls voorgeskryf word.

Beperking op die publikasie van besonderhede van egskeidingsgeding.

**12.** (1) Behalwe vir die bekendmaking of publikasie van die name van die partye in 'n egskeidingsgeding, of dat 'n egskeidingsgeding tussen die partye in 'n geregshof hangende is, of die uitspraak of bevel van die hof, mag niemand enige besonderhede van 'n egskeidingsgeding of enige inligting wat in die loop van so 'n geding aan die lig kom, in die openbaar bekend maak of vir kennisname deur die publiek of enige deel van die publiek publiseer nie.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie met betrekking tot die publikasie van besonderhede of inligting—

*(a)* vir die doeleindes van die regspleging;

*(b)* in 'n *bona fide*-hofverslag wat nie deel uitmaak nie van 'n ander publikasie as 'n versameling van verslae van die verrigtinge in geregshowe; of

*(c)* vir die bevordering van of gebruik in 'n besondere beroep of wetenskap.

(3) Die bepalings van subartikels (1) en (2) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot verrigtinge betreffende die toepassing of wysiging van 'n bevel kragtens hierdie Wet gegee.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(4) Any person who in contravention of this section publishes any particulars or information shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding one year or to both such fine and such imprisonment.

Recognition of certain foreign divorce orders.

**13.** (1) The validity of a decree of divorce granted in a country or territory in which the husband was not domiciled at the time of the granting of the decree shall be recognized by a court in the Republic if that country or territory has been designated by the State President by proclamation in the *Gazette* for the purposes of the recognition of such decrees.

(2) The State President may designate a country or territory for the purposes of subsection (1) if he is satisfied that the law of that country or territory provides for the exercise of jurisdiction which substantially corresponds to the jurisdiction referred to in section 2 (1) *(b)* (ii) and (iii).

(3) No proclamation shall be issued in terms of this section unless the State President is satisfied that the law of the country or territory concerned makes sufficient provision for the recognition by the courts of that country or territory of a decree of divorce granted in the Republic in terms of a jurisdiction under section 2 (1) *(b)* (ii) or (iii).

(4) A proclamation issued in terms of this section may be withdrawn at any time.

Abolition of orders for restitution of conjugal rights and judicial separation.

**14.** It shall not be competent for a court to issue an order for the restitution of conjugal rights or for judicial separation.

Application of Act.

**15.** This Act shall not apply with reference to a divorce action or proceedings for the restitution of conjugal rights or for judicial separation instituted before the commencement of this Act.

Amendment of section 5 of Act 37 of 1953, as amended by section 2 of Act 13 of 1966.

**16.** Section 5 of the Matrimonial Affairs Act, 1953, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Any provincial or local division of the Supreme Court or any judge thereof may, on the application of either parent of a minor whose parents are divorced or are living apart, in regard to the custody or guardianship of, or access to, the minor, make any order which it may deem fit, and may in particular, if in its opinion it would be in the interests of such minor to do so, grant to either parent the sole guardianship (which shall include the power to consent to the marriage of the child) or the sole custody of the minor, and the court may order that, on the predecease of the parent to whom the sole guardianship of the minor is granted, a person other than the surviving parent shall be the guardian of the minor, either jointly with or to the exclusion of the surviving parent.";

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) An order under subsection (1) in regard to a minor whose parents are living apart shall, if the parents become reconciled and live together again as husband and wife, lapse with effect from the date on which the parents commence to live together again.";

*(c)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Subject to any order of court—

*(a)* a parent to whom the sole guardianship or custody of a minor has been granted under subsection (1) or the Divorce Act, 1979, or a father or a mother upon

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(4) Iemand wat in stryd met die bepalings van hierdie artikel besonderhede of inligting publiseer, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens duisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 'n jaar of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

Erkenning van sekere vreemde egskeidingsbevele.

**13.** (1) Die geldigheid van 'n egskeidingsbevel verleen in 'n land of gebied waarin die eggenoot nie ten tyde van die verlening van die bevel gedomisilieer was nie, word deur 'n hof in die Republiek erken indien daardie land of gebied vir die doeleindes van die erkenning van sodanige bevele deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* aangewys is.

(2) Die Staatspresident kan vir die doeleindes van subartikel (1) 'n land of gebied aanwys indien hy oortuig is dat die reg van daardie land of gebied voorsiening maak vir die uitoefening van jurisdiksie wat wesenlik ooreenstem met die jurisdiksie in artikel 2 (1) *(b)* (ii) en (iii) bedoel.

(3) 'n Proklamasie word nie kragtens hierdie artikel uitgevaardig nie tensy die Staatspresident oortuig is dat die reg van die betrokke land of gebied voldoende voorsiening maak vir die erkenning deur die howe van daardie land of gebied van 'n egskeidingsbevel wat in die Republiek kragtens 'n jurisdiksie ingevolge artikel 2 (1) *(b)* (ii) of (iii) verleen is.

(4) 'n Proklamasie kragtens hierdie artikel uitgevaardig, kan te eniger tyd ingetrek word.

Afskaffing van bevele tot herstel van huweliksregte en geregtelike skeiding.

**14.** 'n Hof is nie bevoeg om 'n bevel vir die herstel van huweliksregte of vir geregtelike skeiding te gee nie.

Toepassing van Wet.

**15.** Hierdie Wet is nie van toepassing met betrekking tot 'n egkeidingsgeding of verrigtinge vir die herstel van huweliksregte of vir geregtelike skeiding wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingestel is nie.

Wysiging van artikel 5 van Wet 37 van 1953, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 13 van 1966.

**16.** Artikel 5 van die Wet op Huweliksaangeleenthede, 1953, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) 'n Provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof of 'n regter daarvan kan op aansoek van een van beide ouers van 'n minderjarige wie se ouers geskei is of apart woon, ten opsigte van die bewaring van of voogdy oor of toegang tot die minderjarige, enige bevel gee wat die hof goedvind, en kan in die besonder, indien dit na die hof se oordeel in belang van die minderjarige sou wees om dit te doen, die uitsluitlike voogdy oor die minderjarige (waarby inbegrepe is die bevoegdheid om tot die huwelik van die kind toe te stem) of die uitsluitlike bewaring van die minderjarige aan enigeen van die ouers toeken, en die hof kan gelas dat by die vooroorlye van die ouer aan wie die uitsluitlike voogdy oor die minderjarige toegeken word, 'n ander persoon as die langslewende ouer, hetsy gesamentlik met of met uitsluiting van die langslewende ouer, die voog oor die minderjarige sal wees.";

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) 'n Bevel kragtens subartikel (1) ten opsigte van 'n minderjarige wie se ouers apart woon, verval indien die ouers met mekaar versoen raak en weer as man en vrou saam woon, met ingang van die datum waarop die ouers weer begin saam woon.";

*(c)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Behoudens 'n bevel van die hof—

*(a)* kan 'n ouer aan wie die uitsluitlike voogdy oor of bewaring van 'n minderjarige kragtens subartikel (1) of die Wet op Egskeiding, 1979, toegeken is, of

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



whom a children's court has under section 60 (1) of the Children's Act, 1960 (Act No. 33 of 1960), conferred the exclusive right to exercise any parental powers in regard to a minor, may by testamentary disposition appoint any person to be the sole guardian or to be vested with the sole custody of the minor, as the case may be; and

*(b)* the father of a minor to whom the sole guardianship of the minor has not been granted under subsection (1) or the Divorce Act, 1979, or upon whom a children's court has not conferred the exclusive right to exercise any parental powers in regard to the minor, shall not be entitled by testamentary disposition to appoint any person as the guardian of the minor in any other manner than to act jointly with the mother."; and

*(d)* by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) If an order under section 60 of the Children's Act, 1960, is rescinded, or if an order under subsection (1) of this section or under the Divorce Act, 1979, granting the sole guardianship or custody of a minor to a parent, lapses or is rescinded or is varied in such a manner that the parent is no longer the sole guardian or vested with the sole custody of the minor, any disposition under subsection (3) *(a)* shall lapse.".

Amendment of section 72 of Act 66 of 1965, as amended by section 7 of Act 54 of 1970.

**17.** Section 72 of the Administration of Estates Act, 1965, is hereby amended by the substitution for that part of subsection (1) which precedes paragraph *(b)* thereof, of the following:

"(1) The Master shall, subject to the provisions of subsection (3) and to any applicable provision of section 5 of the Matrimonial Affairs Act, 1953 (Act No. 37 of 1953), and section 4 of the Matrimonial Affairs Ordinance, 1955 (Ordinance No. 25 of 1955), of the territory, or any order of court made under any such provision or any provision of the Divorce Act, 1979, on the written application of any person—

*(a)* who has been nominated by will or written instrument—

(i) by the father of a legitimate minor, who has not been deprived, as a result of an order under subsection (1) of the said section 5 or subsection (1) of the said section 4 or the Divorce Act, 1979, of the guardianship of such minor, or under section 60 of the Children's Act, 1960 (Act No. 33 of 1960), or section 58 of the Children's Ordinance, 1961 (Ordinance No. 31 of 1961), of the territory, of his parental powers over him; or

(ii) by the mother of an illegitimate minor or of a legitimate minor whose father is dead, who has not been so deprived of the guardianship of such minor or of her parental powers over him; or

(iii) by the parent to whom the sole guardianship of a minor has been granted under subsection (1) of the said section 5 or under subsection (1) of the said section 4 or under the Divorce Act, 1979, or on whom the exclusive right to exercise parental powers in regard to a minor has been conferred under the said section 60 or the said section 58,

to administer the property of such minor and to take care of his person as tutor, or to take care of or administer his property as curator; or".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



'n vader of 'n moeder aan wie 'n kinderhof kragtens artikel 60 (1) van die Kinderwet, 1960 (Wet No. 33 van 1960), die uitsluitlike reg verleen het om enige ouerlike magte met betrekking tot 'n minderjarige uit te oefen, enigiemand by testamentêre beskikking benoem tot enigste voog of tot reghebbende op die uitsluitlike bewaring van die minderjarige, na gelang van die geval; en

*(b)* het die vader van 'n minderjarige aan wie die uitsluitlike voogdy oor die minderjarige nie kragtens subartikel (1) of die Wet op Egskeiding, 1979, toegeken is nie of aan wie 'n kinderhof nie die uitsluitlike reg verleen het om enige ouerlike magte met betrekking tot die minderjarige uit te oefen nie, nie die reg om by testamentêre beskikking iemand as voog van die minderjarige te benoem nie, op 'n ander wyse dan om saam met die moeder op te tree."; en

*(d)* deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

„(6) Indien 'n order uitgereik kragtens artikel 60 van die Kinderwet, 1960, ingetrek word, of indien 'n bevel uitgereik kragtens subartikel (1) van hierdie artikel of kragtens die Wet op Egskeiding, 1979, waarby die uitsluitlike voogdy oor of bewaring van 'n minderjarige aan 'n ouer toegeken is, verval of ingetrek word of op so 'n wyse gewysig word dat die ouer nie meer die enigste voog of die reghebbende op die uitsluitlike bewaring van die minderjarige is nie, verval 'n beskikking wat kragtens subartikel (3) *(a)* gemaak is.".

Wysiging van artikel 72 van Wet 66 van 1965, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 54 van 1970.

**17.** Artikel 72 van die Boedelwet, 1965, word hierby gewysig deur daardie gedeelte van subartikel (1) wat paragraaf *(b)* daarvan voorafgaan, deur die volgende te vervang:

„(1) Die Meester moet, behoudens die bepalings van subartikel (3) en enige toepaslike bepaling van artikel 5 van die Wet op Huweliksaangeleenthede, 1953 (Wet No. 37 van 1953), en artikel 4 van die Ordonnansie op Huweliksaangeleenthede, 1955 (Ordonnansie No. 25 van 1955), van die gebied, of 'n bevel van die hof kragtens so 'n bepaling of 'n bepaling van die Wet op Egskeiding, 1979, gemaak, op skriftelike aansoek van iemand—

*(a)* wat by testament of geskrif benoem is—

(i) deur die vader van 'n wettige minderjarige, wat nie as gevolg van 'n bevel kragtens subartikel (1) van gemelde artikel 5 of subartikel (1) van gemelde artikel 4 of die Wet op Egskeiding, 1979, die voogdy oor die minderjarige, of kragtens artikel 60 van die Kinderwet, 1960 (Wet No. 33 van 1960), of artikel 58 van die Kinderordonnansie 1961 (Ordonnansie No. 31 van 1961), van die gebied, sy ouerlike magte oor hom ontneem is nie; of

(ii) deur die moeder van 'n onwettige minderjarige of van 'n wettige minderjarige wie se vader oorlede is, wat nie aldus die voogdy van die minderjarige of haar ouerlike magte oor hom ontneem is nie; of

(iii) deur die ouer aan wie die uitsluitlike voogdy oor 'n minderjarige toegeken is kragtens subartikel (1) van gemelde artikel 5 of kragtens subartikel (1) van gemelde artikel 4 of kragtens die Wet op Egskeiding, 1979, of aan wie die uitsluitlike reg om ouerlike magte met betrekking tot 'n minderjarige uit te oefen, verleen is kragtens gemelde artikel 60 of gemelde artikel 58,

om as voog die goed van daardie minderjarige te administreer en vir sy persoon te sorg, of om as kurator vir sy goed te sorg of dit te administreer; of".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Repeal of laws.

**18.** The laws mentioned in the Schedule are hereby repealed to the extent set out in the third column of the Schedule.

Short title and commencement.

**19.** This Act shall be called the Divorce Act, 1979, and shall come into operation on 1 July 1979.

## Schedule

| No. and year of law | Short title | Extent of repeal |
|---|---|---|
| Act No. 32 of 1935 | Divorce Laws Amendment Act, 1935 | The whole |
| Act No. 22 of 1939 | Matrimonial Causes Jurisdiction Act, 1939 | The whole |
| Act No. 17 of 1943 | Matrimonial Causes Jurisdiction Amendment Act, 1943 | The whole |
| Act No. 35 of 1945 | Matrimonial Causes Jurisdiction Act, 1945 | The whole |
| Act No. 37 of 1953 | Matrimonial Affairs Act, 1953 | Sections 6, 7, 8, 9 and 10 |
| Act No. 70 of 1968 | General Law Amendment Act, 1968 | Sections 21, 22 and 23 |
| Act No. 42 of 1974 | Publications Act, 1974 | Section 47 (2) *(f)* (iii) and (3) |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**18.** Die wette in die Bylae vermeld, word hierby herroep in die mate in die derde kolom van die Bylae uiteengesit. Herroeping van wette.

**19.** Hierdie Wet heet die Wet op Egskeiding, 1979, en tree in werking op 1 Julie 1979. Kort titel en inwerkingtreding.

## Bylae

| No. en jaar van wet | Kort titel | Omvang van herroeping |
|---|---|---|
| Wet No. 32 van 1935 | Egskeidingswette Wysigingswet, 1935 ....... | Die geheel |
| Wet No. 22 van 1939 | Wet op Regsbevoegdheid in Matrimoniële Regsake, 1939 | Die geheel |
| Wet No. 17 van 1943 | Wysigingswet op Regsbevoegdheid in Matrimoniële Regsake, 1943 | Die geheel |
| Wet No. 35 van 1945 | Wet op Regsbevoegdheid in Matrimoniële Regsake, 1945 | Die geheel |
| Wet No. 37 van 1953 | Wet op Huweliksaangeleenthede, 1953 ....... | Artikels 6, 7, 8, 9 en 10 |
| Wet No. 70 van 1968 | Algemene Regswysigingswet, 1968 ......... | Artikels 21, 22 en 23 |
| Wet No. 42 van 1974 | Wet op Publikasies, 1974 .................. | Artikel 47 (2) *(f)* (iii) en (3) |